## SONDAGSKOOL LES: Wat sê die Bybel?

**Doel van les:**

- Ons leer meer oor Wie ons is in Christus.

**Ysbreker: Brainteaser**

Ons het verlede week gepraat oor my identiteit in Christus, m.a.w, wanneer ek die dag my lewe vir Jesus gee – WIE is ek dan – HOE lyk ek dan, WAT sien God wanneer Hy na my kyk. Ons het die real of fake ysbreker gedoen om te wys dat die prentjie wat ons van onsself het, baie anders is as die prentjie wat God van ons het. Partykeer is daar 'clues' weggesteek wat jy net moet leer om raak te sien / of te lees. Die prentjie wat GOD van jou het, is die REAL prentjie, en die een wat JY van jouself het, is die FAKE een. Ons het gehoor dat jy daardie real prentjie van jouself in die Bybel kan vind.

**Groepwerk:** Vandag gaan julle deur teksverse werk en bietjie oefen om daardie real prentjie te herken in die Bybel.

'n PAAR TIPS OM ONS TE HELP: Groepleiers doen in die kleingroepe

Hier is 'n 3 tips om mee te begin, kyk of julle dit kan kry.

- TIP 1: 2 Kor 5:17 - Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. (Antwoord: Ek moet aan Jesus behoort – my Hart / Lewe vir Hom gee, om hierdie nuwe identiteit te kan kry! Dis NIE vir ongereddes nie!)
- TIP 2: Kol 3:2 Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie. (Antwoord: Die dinge wat vir God belangrik is, moet vir ONS belangrik raak, ons moet ANDERS na dinge, mense en onsself begin kyk, deur God se oë.)
- TIP 3: 1 Joh 2:15 Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. (Antwoord: Wat God wil hê moet vir ons belangriker raak as wat EK of die wêreld / mense / maats van my wil hê.)

Kry terugvoering.

**God se prentjie van my:** Lees in die grootgroep. Kom ons voeg gou nog 4 goed by die prentjie wat jou dalk sal help:

- Eksodus 14:14: Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.
- Efesiërs 2:10: Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

- Romeine 8:37: Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.
- Sefanja 3:17: Die Here jou God is by jou, Hy die krysman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou.

**Vrae om in groepe te bespreek:**

- Het jy al ooit voorheen gevoel dat jy werd is om voor baklei te word? Hoekom / nie? –
- Het jy al ooit voorheen jou Bybel gevat om te lees wat God van jou dink?
- Pla dit jou wat ander mense van jou dink?
- Verander die feit dat God jou SY handewerk noem die manier hoe jy oor jouself dink en voel?
- Het jy geweet dat God vol vreugde oor jou is? Hoe laat dit jou voel?
- Het jy ooit aan jouself as 'n oorwinnaar / 'n wenner gedink? Wat van NOU?
- Gaan jy probeer om meer oor God se opinie van jou te dink as dit wat mense van jou dink?
- HOE kan jy kies om mense se opinies van jou aan jou te laat kleef of van jou te laat afgly?

Kry terugvoering van groepe.

Die laaste vragie wat ek vandag kan vra is dan dit: Gaan jy hierdie week probeer om meer Bybel te lees en uit te vind wat God nog van jou dink?

Sluit af met gebed in groepe.